

## Chris Jones\*

Sommige mense beweer deesdae dat die lewe onder apartheid beter was as in ons demokrasie.

Wel, soos ons almal weet, was apartheid op baie maniere beter vir nagenoeg vier miljoen bevoorregte (wit) mense omdat dienslewering op hulle gerig was.

Wat ons egter moet onthou, is dat die toestande vir baie Suid-Afrikaners wat deur apartheid benadeel is, ongetwyfeld sedert 1994 verbeter het.

Mense wat nie toegang tot lopende water gehad het nie, het nou krane in hulle huise. Diegene wat nooit elektrisiteit gehad het nie, het nou krag, self al ondervind ons beurtkrag. Die lys gaan aan en aan.

Apartheid het misluk. Dit het baie mense benadeel – die onderdrukte asook die onderdrukkers. Daar was so baie sigbare, maar ook onsigbare, onreg.

Daarom moet ons gees genees word. Vertroue moet herstel word. Ons het vertroue nodig gehad om ons land te genees, en 'n duidelike visie om die lewens te verbeter van diegene wat vóór 1994 die meeste gely het.

Toe die ANC – wat toe 'n trotse, gewaardeerde en invloedryke vryheidsbeweging was – aan bewind gekom het, was so baie Suid-Afrikaners opgewonde oor ons land se toekoms. Een van my goeie vriende was 'n lid van die destydse Nasionale Party. Hy het met my oor sy politieke toekoms kom gesels en ek het hom aangemoedig om by die ANC aan te sluit, wat hy toe gedoen het. Hy vir 15 jaar as 'n lid van die parlement gedien en het hom uitstekend van sy taak gekwyt.

Ná ons eerste demokratiese verkiesing in 1994 het die ANC die Uniegebou met selfvertroue binnegegaan en met vreugde hulle plekke in die parlement ingeneem. Ons het almal ons volkslied – verse uit *Nkosi Sikelele* en *Die Stem* – begin saamsing.

Debat na debat is gewen, wet na wet is aangeneem.

Ons het begin om dae van heroïese heugenis te vier. Ons het aangehou om mense te herinner aan die jare van swaarkry en opoffering. Ons het nuwe veldtogte bekendgestel om al die sosio-ekonomiese probleme van die land te hanteer.

Ons het 'n land in die vooruitsig gestel waar die armes en onderdrukte ordentlik en waardig behandel sou word. Waar politiek nie die kuns van die manipuleerbare sou word nie. Ons het ons 'n land voorgestel waarin die meerderheid aktiewe en bewuste agente sou wees wat besig is om hulle lewe te verander.

Baie goeie grondwetlike beginsels is geïmplementeer. Ons het geweet die stryd oor ons grondwet is 'n stryd vir regte, en nie vir mag nie. Ons het geweet dat mense se swaarkry en verlange vir altyd sou voortgaan, maar ons moes dit so doeltreffend moontlik aanspreek.

Ons was bewus daarvan dat daar twee deurlopende temas in 'n grondwet is – soos Albie Sachs ons in 1992 herinner het. Dit is “nooit weer nie” en “minstens”. Sachs skryf in sy boek, [Advancing Human Rights in South Africa](#), dat “mense nooit weer op grond van ras verneder en beledig sal word nie. Daar sal nooit weer gedwonge verskuiwings, paswette, groepsgebiede en werksvoorbehoude wees nie. Elkeen moet ten minste oor 'n ordentlike huis, elektrisiteit, water, skoolopleiding, mediese sorg en maatskaplike sekerheid beskik ...”

Ons het inderdaad 'n baie groot oorwinning in 1994 behaal. Ons het 'n goed begin en baie goeie voornemens gehad. Ons regering het egter ons land en sy mense op sekere maniere in die steek gelaat. Ek hoef nie enigsins iets meer hieroor te sê nie.

Maar hoewel die ANC-regering baie politieke en sosio-ekonomiese doelwitte waarvoor ons mense geveg het, verontagsaam, kan ons onder geen omstandighede terugkeer na die immorele beginsels van apartheid nie.

Ons moet aanhou om Suid-Afrika te “ver-Suid-Afrikaans” ten opsigte van ons aanvanklike visie en sosio-ekonomiese doelwitte. Ons moet voortgaan om ons demokrasie te demokratiseer.

Ons word elke jaar op die [Wêrelddag vir Maatskaplike Geregtigheid](#) (20 Februarie) herinner aan die behoefte daaraan “om pogings te bevorder om kwessies soos armoede, uitsluiting, werkskepping, geslagsgelykheid en toegang tot maatskaplike welstand en geregtigheid vir almal aan te spreek”.

Hoewel ons vordering in hierdie verband gemaak het, het ons nog 'n lang pad om te stap. Ons kan nie die stryd teen outoritarisme, geheimhouding en bedrog laat vaar nie.

Ten slotte ...

Ons kan Suid-Afrika laat werk, veral ten opsigte van maatskaplike geregtigheid.

Ons weet hoe dit voel om met die rug teen die spreekwoordelike muur voor 'n politieke en sosio-ekonomiese vuurpeleton te staan. Maar ons weet ook hoe dit voel om eweskielik die boodskap op die muur agter ons te lees sodat ons weer op dreef kan kom.

Hoekom vier ons nie hierdie vermoë van Suid-Afrikaners op Wêrelddag vir Maatskaplike Geregtigheid ten spyte van al die terugslae en tekortkominge nie?

Dit is nou die tyd om kalm te bly en helder te dink ten einde onder meer maatskaplike ongeregtigheid op 'n ordelike, progressiewe en beginselvaste manier aan te spreek. Anders kan ons so maklik 'n ontwrigte, mislukte staat word en aan verdedigers van apartheid hulle laaste oorwinning besorg.

**\*Dr Chris Jones is hoofnavorsers in die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie, en hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**